# Familie Tuisblad

18 Mei 2025

## 1 Begin hier

Wie is die “weirdste” mens wat jy al ontmoet het?

Het jy geweet daar was ‘n tyd toe die volgelinge van Jesus gedink het dat die boodskap van Jesus net vir Jode bedoel is en nie vir mense wat nie besny is nie? Die Here het toe vir Petrus kom wys, dat Hy almal insluit. Dat die Goeie Nuus vir almal bedoel is.

Wie sluit ons vandag uit? Wie is die vreemdes of “sondige” mense? Is dit mense wat anders dink, anders lyk of dalk anders praat as ons?

## 2 Lees

Joh 13:31-35
Hand 11:1-18

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play:

Apple iStore:

## 3 Gesels

- Lees die verhaal in Handelinge 11. Verbeel julle - as dit in vandag se tyd sou afspeel, hoe sou die verhaal klink?
- Jode en nie-Jode het nie gemeng nie. Wie is die mense wat ons vandag vermy en hoekom?
- Joh 13 vertel van Jesus se liefde - vir watter persoon wat nie deel is van jou kerk nie, kan jy Jesus se liefde wys of van Hom vertel?

## 4 Bid

Teken ‘n reuse hart. Skryf die name daarin van mense vir wie jy wil bid.

Teken daarna ‘n wolk. Skryf daarin Jesus se beloftes neer.

## 5 Doen

Maak ‘n kreatiewe “weird” karakter uit afvalmateriaal om jou te herinner “God het almal ewe lief!”

https://kixkinders.co.za/wp-content/uploads/2024/04/Ontmoeting-6-boek-18.pdf